Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Education
EyezeMfundo
Opvoedkunde




# BEd Programinligting 2026

Die doel van die BEd-programme is om opvoeders op te lei en voor te berei om graad R – 3 (Grondslagfase) of graad 4 – 6 (Intermediêre Fase) te onderrig. Hierdie brosjure sal meer inligting verskaf oor die vereistes en verskille tussen die twee programme.

## TOELATINGSVEREISTES VIR ALBEI BEd-PROGRAMME:

<table>
<tr><th colspan="3">ALGEMENE VEREISTES</th></tr>
<tr><td colspan="3">• Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Independent Examinations Board (IEB)-sertifikaat, met 'n gemiddelde persentasie van minstens 60%.<br>• Vier universiteitstoelatingsvakke, geslaag op 'n vlak 4.</td></tr>
<tr><th colspan="3">TAALVEREISTES</th></tr>
<tr><td rowspan="3">Taal van onderrig was Afrikaans in graad 12</td><td colspan="2">Afrikaans en een van die ander twee tale op die volgende vlakke:</td></tr>
<tr><td>Afrikaans Huistaal (HT) of Eerste Addisionele Taal (EAT)</td><td>Vlak 5 (60%)</td></tr>
<tr><td>Engels (HT of EAT) of<br>IsiXhosa (HT of EAT)</td><td>Vlak 4 (50%)</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Taal van onderrig was Engels in graad 12</td><td colspan="2">Engels en een van die ander twee tale op die volgende vlakke:</td></tr>
<tr><td>Engels (HT of EAT)</td><td>Code 5 / 60%</td></tr>
<tr><td>Afrikaans (HT of EAT)<br>of<br>IsiXhosa (HT of EAT)</td><td>Code 4 / 50%</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Jy moes óf Afrikaans (HT of EAT) óf Engels (HT of EAT) vir die NSS vlak 5 (60%) geslaag het.<br>• As jy 'n ander amptelike taal (HL of EAT) in plaas van Afrikaans of Engels geneem het, moes jy dit met 'n minimum van 50% (vlak 4) geslaag het.<br>• As jy 'n vlak 5 (60%) behaal het vir een van die taalvakke hierbo, maar dit is nie jou taal van onderrig nie, kan jy diskresionêre toelating kry.</td></tr>
<tr><th colspan="3">WISKUNDE VEREISTES</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Jy moet een van die volgende hê</td><td>Wiskunde</td><td>Vlak 3 (40%)</td></tr>
<tr><td>Wiskundige Geletterdheid</td><td>Vlak 5 (60%)</td></tr>
<tr><td colspan="3">• Studente wat vóór 2008 die skooleindeksamen afgelê het, moes minstens Wiskunde (SG) op graad 12-vlak geslaag het.</td></tr>
</table>

| VOORVEREISTES VIR ONDERRIGVAKKE (SLEGS OP BEd INTERMEDIÊRE FASE VAN TOEPASSING) | |
|---|---|
| BEd Intermediêre Fase studente moet in hulle eerste jaar ten minste twee keusemodules neem as moontlike onderrigvakke. Die volgende voorvereistes is op hierdie vakke van toepassing: | |
| **Sosiale Wetenskappe** | Jy moes ten minste een van die volgende vakke in graad 12 met 'n minimum van 50% geslaag het (vlak 4): |
| | Geskiedenis of |
| | Geografie |
| **Natuurwetenskappe** | Jy moes ten minste een van die volgende vakke in graad 12 met 'n minimum van 50% geslaag het (vlak 4): |
| | Lewenswetenskappe of |
| | Fisiese Wetenskappe |
| **Lewensvaardighede** | Geen voorvereistes nie. |

## AANSOEKPROSES EN SLUITINGSDATUM

- Doen aanlyn aansoek by **www.maties.com** en dui BEd as een van jou studiekeuses aan.
- Wanneer jy aansoek doen om toelating, moet jy spesifiseer in watter veld jy sal wil spesialiseer. Jy kan kies tussen die **Intermediêre Fase (IF)** en die **Grondslagfase (GF)**.
- Aansoeke sluit op **30 Julie**. Die keuringsproses sal kort daarna begin.

**Neem asseblief kennis dat toelating tot die BEd-programme aan keuring onderworpe is en dat toelating nie outomaties plaasvind indien jy aan die toelatingsvereistes voldoen nie. Slegs akademiese meriete tel tydens die keuringsproses.**



# BEd GRONDSLAGFASE

**KWALIFIKASIE OM 'N GR R – 3 ONDERWYSER TE WORD**

Hierdie program bied 'n sisteem van metodes en praktiese onderrig spesifiek gefokus op graad R sowel as graad 1 – 3.

**Fokusareas vir hierdie program sluit in:**

- Graad R Teorie en Prakties
- Geletterdheid (Taalvaardighede)
- Gesyferdheid (Wiskundige Vaardighede)
- Lewensvaardighede (insluitende Musiek, Kuns, Dans en Drama en Liggaamlike Opvoeding)

Vakinhoud modules (Wiskunde, tale, Lewensvaardighede) moet tydens die eerste tot vierde jaar gevolg en voltooi word.

**Let wel:** Slaagvoorvereistes geld vir al hierdie modules.

Praktiese ondervinding en ondersteuning word verkry deur geïntegreerde observasie en leer by vennootskapskole van die Fakulteit Opvoedkunde.



# BEd INTERMEDIÊRE FASE

**KWALIFIKASIE OM 'N LAERSKOOL ONDERWYSER TE WORD (GRAAD 4 – 6)**

Hierdie program fokus op onderrigvaardighede, -metodes en vakinhoude vir onderwysers vir die ouer laerskool kind.

**Spesialiteitsvakke:**

Studente fokus op spesifieke vakke wat hulle kan onderrig op laerskoolvlak. Hierdie vakke moet tot die vierde jaar gevolg en voltooi word.

| EERSTE JAAR | TWEEDE TOT VIERDE JAAR |
|---|---|
| Twee tale<br>(Kies uit: Afrikaans, Engels of IsiXhosa) | Twee tale<br>(Kies uit: Afrikaans, Engels en IsiXhosa) Dieselfde vakke wat geneem is in die eerste jaar moet tot en met die vierde jaar gevolg word. |
| Wiskunde (verpligtend) | |
| Kies twee onderrig vakke/<br>laerskool vakspesialiteite uit:<br>• Lewensvaardighede<br>• Natuurwetenskappe<br>• Sosiale Wetenskappe | Kies twee onderrig vakke/<br>laerskool vakspesialiteite uit:<br>(voortsetting van vakspesialiteite voltooi tydens die eerste jaar)<br>• Lewensvaardighede<br>• Natuurwetenskappe<br>• Sosiale Wetenskappe<br>• Wiskunde |




## VEELTALIGHEIDSVEREISTES

Die graad word slegs toegeken aan studente wat aan die veeltaligheidsvereistes vir onderwysers voldoen. Dit beteken dat jy vir elke program die volgende moet voltooi:

**Twee tale van jaar 1 tot jaar 4:**

| Studente sal kies tussen twee tale waarin hulle moet kan klasgee (onderrigtaal).<br>Studente moet modules in hierdie twee tale deur die loop van die vier jaar voltooi.<br>Hulle kan kies uit die volgende tale: |
|---|
| Afrikaans<br>Engels<br>IsiXhosa |

**Een addisionele taal op kommunikatiewe vlak in jaar 3:**

| Dit beteken jy sal nog een taal moet kies vir kommunikatiewe doeleindes<br>(nie jou onderrigtaal nie) |
|---|
| Afrikaans Kommunikasie<br>IsiXhosa Communication<br><br>**Studente wat reeds Afrikaans en isiXhosa as onderrigtale neem, sal van die kommunikasiemodule vrygestel word.* |

**Werk Geïntegreerde Leer (WIL)**

WIL is 'n vorm van Praktiese Leer waar studente onderrig sal ontvang oor lesgewing en onderrigmetodes, en gedurende die vier jaar van studie in skole moet waarneem en onderrig. Die WIL-komponent van die twee programme is soos volg:

**Eerste jaar:**

| ALBEI PROGRAMME | |
|---|---|
| **Tyd van die jaar** | **Tipe WIL** |
| Deur die loop van die jaar | Skoolkonteksanalise, evaluering van onderwyser professionele standaarde |

**Tweede en derde jaar:**

| Grondslagfase | | Intermediêre Fase | |
|---|---|---|---|
| **Tyd van die jaar** | **Tipe WIL** | **Tyd van die jaar** | **Tipe WIL** |
| Twee weke wanneer skole begin | Waarneming by 'n skool in/naby jou tuisdorp | Twee weke wanneer skole begin | Waarneming by 'n skool in/naby jou tuisdorp |
| Eerste semester | Jaar 2: Donderdagoggende skoolgebaseerde waarneming<br>Jaar 3: Mikro-onderrig | Eerste semester | Jaar 2: Donderdagoggende skoolgebaseerde waarneming<br>Jaar 3: Mikro-onderrig |
| 8 – 9 weke onderrig by 'n skool in Stellenbosch omgewing (WKOD skoolkwartaal) | Onderrig by 'n skool in/naby jou tuisdorp<br>Jaar 2: Graad R<br>Jaar 3: Grade 1 – 3 | 8 – 9 weke onderrig by 'n skool in Stellenbosch omgewing (WKOD skoolkwartaal) | Onderrig by 'n skool in/naby jou tuisdorp<br>Graad 4 – 7. |

**Vierde jaar:**

| Eerste Semester | Loopbaan-georiënteerde voorbereiding | Eerste Semester | Loopbaan-georiënteerde voorbereiding |
|---|---|---|---|
| 8 – 9 weke onderrig by 'n skool in Stellenbosch omgewing (WKOD skoolkwartaal) | Werkplekgereed werkswinkels en webinare | 8 – 9 weke onderrig by 'n skool in Stellenbosch omgewing (WKOD skoolkwartaal) | Onderrig by 'n skool in die Stellenbosch-omgewing. |

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe